**21 Mei**

Skrifgedeelte: Psalm 57
Fokusgedeelte: Psalm 57:8, 9 (OAV)

# Maak die rooidag wakker … die "blink môrester" kom!

Die nag! Donker! Vreesaanjaend! Bang! Die nag met sy sluiers wat jou siel met kwelgedagtes en onrus vervul. Hoe kan 'n mens hom nie in die donker kwel oor sy sonde en sy geheime drange en drifte nie! Sal God na alles tog vergewe?

Hoe kan die nag nie vrees en wanhoop by die siekbed van 'n dierbare verwek nie! Is alles vir ewig verlore? Maar as die "rooidag" breek, word jy bewus van die almag en genade van God. Hy tint die duister van die nag ligroos met die belofte van warm, vertroostende weldadigheid, genade en hoop. Ja, as die rooidag wakker word, word jou onrustige siel en benoude hart met nuwe krag en moed vervul. Weg is die duister vrees van 'n bekommerde mensie, en verwagting strek hom uit oor die nuwe dag. DIT gebeur alleen as jy die "rooidag" met gebed en 'n loflied tot ons almagtige God begroet.

Dawid se siel is gefolter en hy is vol vrees en wanhoop as hy hierdie Psalm dig. Hy is vasgekeer in 'n spelonk deur Saul en sy soldate. Daar wag vir hom net die afgryslike dood, weg van die heerlike lig van die lewe. Maar nee, Dawid, gelowige kind van God, ken die ENIGSTE uitweg uit sy nood! Hy bid! Hy roep God die allerhoogste in Wie se hande sy lewe is, aan. Die vrees verdwyn! Luister nou na sy vreugde! "My hart is gerus, o God, my hart is gerus; ek wil sing en psalmsing", totdat die rooidag breek en die duister vrees verdryf.

Geliefde leser, God het Dawid se gebed verhoor! Saul en sy soldate is deur 'n diep slaap oorval en Dawid het ongedeerd uit die donker grot na die lig ontsnap!

Wat maak jy met jou donker nagte? Ja, selfs die dag kan vir jou opeens donker word as gevolg van smart en kommer. Maak die "rooidag" wakker met gebed tot God, stort jou nood voor hom uit en smeek in geloofsvertroue om genade. Sing 'n lied van verlossing tot sy eer. Jy sal altyd heerlike bevryding vind in God se almag.

Doen dit tog elke dag, hou moed en volhard deur jou donker nagte. Onthou, as die "Blink Morester", Jesus Christus, weer kom, sal daar geen nag van verskrikking en vrees meer wees nie. Dan het die ewige "rooidag" vir God se kinders op die nuwe aarde aangebreek. Watter kind van God wag nie met reikhalsende verlange na daardie dag nie?

Hoe sal dit wees? O, so vreeslik, onbeskryflik heerlik. Altyd lig, so soos geen oog gesien, geen oor gehoor of in die hart van geen mens opgekom het nie! O, KOM HERE JESUS, KOM GOU!"

Sing: Psalm 130:1, 3 (Totius)

Ds J Marais (Emeritus)